



WANNEER JESUS VIR JOU KOM

Na jare van mishandeling was Armando Valladares 'n verwese, kreupel skaduwee van wat hy vroeër was. Hy het 'n 30-jaar lange vonnis in een van Castro se gevangnisse uitgedien omdat hy op Kersdag in 'n kerk gebid het. Gevangenis amptenare het hom uitgehonger, gemartel en verneder, maar hy het geweier om sy geloof prys te gee.

Iets het hom aan die gang gehou: 'n belofte wat hy aan 'n jong vrou met die naam Martha gemaak het. Hulle het ontmoet en verlief geraak terwyl hy in die tronk was. Sy was diep aangetrokke tot sy sterk geloof. Kort nadat hulle tydens 'n burgerlike seremonie in die binnehof van die tronk getroud is, is Martha gedwing om na Miami te emigreer.

Hulle skeiding was pynlik. Maar Armando het daarin geslaag om 'n belofte aan sy geliefde uit te smokkel. Op 'n klein stukkie weggooi papier het hy sy belofte neergekrap: "Ek sal na jou toe kom. Die bajonette op die horison agter my rug maak nie meer saak nie."

Hierdie gevangene was vasberade dat hy en Martha op een of ander manier hulle huweliksbeloftes in 'n kerk voor God sou aflê. Eendag sal hulle eenheid voltooid wees. "Jy is altyd saam met my," het hy aan haar gesê.

Armando se belofte het hom deur al die jare van mishandeling wat die gees van die meeste mense sou geknak het, aan die gang gehou. En dit het Martha aan die gang gehou. Sy het gewerk sonder om moeg te word om die publiek se aandag op haar man se stryd te vestig. Sy het nooit opgehou hoop nie.

1. DIE BELOFTE

Soms kom ons in die versoeking om te wonder, sal Christus regtig eendag uit die blou lug bokant ons neerdaal vir 'n wonderlike hereniging? Ons is al so lank van Hom geskei. So 'n gelukkige einde aan die wêreld se lang, tragiese geskiedenis lyk soms te goed om waar te wees. Maar daar is een ding wat hoop in ons harte lewendig kan hou. En dit is eenvoudig Jesus se belofte om terug te kom. Net voordat Hy Sy dissipels verlaat het om hemel toe te gaan, het Jesus hierdie belofte gemaak:

"Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My. In die huis van My Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei.

En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is." - Johannes 14:1-3. (Tensy anders vermeld, word alle Skrifgedeeltes in die ONTDEK gidse uit die Ou Vertaling van die Bybel in Afrikaans geneem.)

Voordat Jesus opgevaar het hemel toe, het Hy Sy volgelinge verseker: "EK SAL WEER KOM!" Hy het belowe om terug te kom en om almal wat op Hom vertrou saam te neem na die spesiale plek wat Hy voorberei het. In die Skrifte is daar ongeveer 2 500 plekke waar daar gepraat word van Sy wederkoms. Die feit dat Jesus vir die tweede maal na die wêreld toe kom is so seker as die werklikheid dat Hy twee duisend jaar gelede op hierdie aarde gewoon het.

Lank gelede het God belowe dat 'n Messias sou kom, 'n Verlosser wat ons oortredinge op Homself sou neem en verontskuldiging/verlossing vir die mense se sonde sou voorsien. Daardie belofte het gelyk asof dit te goed was om waar te wees vir baie wat in die antieke tyd deur hulle lewens gesloof het. Maar Jesus het gekom en op die kruis gesterf. Die belofte het baie meer glorieryk waar geword as wat mens kon dink moontlik sou wees. Sy belofte om weer te kom sal ook waar word. Ons kan staatmaak op die Een wat ons liefhet, om terug te kom en diegene bymekaar te maak vir wie Hy daardie onskatbare prys betaal het.

Dwarsdeur sy gevangenskap, het Armando voortdurend gedigte, boodskappe en tekeninge na Martha toe deurgesmokkel. En sy het dit reggekry om party van hierdie geskrewe boodskappe te publiseer. Die woordvlotheid waarmee dit geskryf is, het die aandag van die wêreld getrek. Regerings het begin druk plaas op Castro om gewetens-gevangenes vry te laat. Die Franse president het tussenbeide getree en uiteindelik, in Oktober 1982, is Armando op 'n vliegtuig na Parys geplaas. Hy kon skaars glo dat hy vry was – selfs nadat die vliegtuig geland het. Maar toe, na twee dekades van lyding en verlange en wag, het Armando in Martha se arms ingestorm.

'n Paar maande later het die gelukkige egpaar in Miami se St. Kierankerk gestaan en hulle gelofte aan mekaar gemaak. Uiteindelik was die eenwording voltooi. Die belofte is vervul: “Ek sal na jou toe kom.”

Kan jy jou dit indink watse wonderlike hereniging dit sal wees wanneer ons uiteindelik vir Christus van aangesig tot aangesig sal kan sien? Sy heerlike verskyning sal al ons hartseer en frustrasies verswelg, sal al die pyn wat ons in ons harte weggesteek hou, wegvee. Jesus se terugkeer sal ons diepste verlangens en mees opwindende verwagtinge vervul. En ons sal ons begewe op 'n ewigheid van intieme eenheid met die wonderlikste persoonlikheid in die Heelal.

Jesus kom speeding weer! Is jy gretig om Hom te ontmoet?

2. HOE SAL JESUS KOM?

(1) Sal Jesus in die geheim kom?

“Kyk, Ek (Jesus) het dit vir julle vooruit gesê. “As hulle dan vir julle sê: Kyk, Hy is in die woestyn – moenie uitgaan nie; kyk, Hy is in die binnekamer – moet dit nie glo nie.

WANT SOOS DIE WEERLIG uit die ooste uitslaan en TOT IN DIE WESTE SKYN, SO SAL OOK DIE KOMS VAN DIE SEUN VAN DIE; MENS WEES.” – Matteus 24:25-27.

Weerlig flits baie duidelik vir baie groot afstande, net so sal die koms van Jesus nie 'n geheim of subjektiewe gebeurtenis wees nie.

(2) Sal Jesus weer kom as 'n ware persoon?

“En toe hulle nog stip na die hemel kyk terwyl Hy weggaan, staan daar twee manne in wit klere by hulle, wat sê: Galilese manne, waarom staan julle en kyk na die hemel? HIERDIE JESUS wat van julle OPGENEEM IS IN DIE HEMEL, SAL NET SO KOM soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het.” – Handeling 1:10, 11.

Op die dag van Sy hemelvaart van ons wêreld af het die engele die dissipels die versekering gegee dat *dieselfde Jesus* wat in die hemel opgeneem is – nie iemand anders nie – sal terugkom as dieselfde persoon en as Koning van die konings. Dieselfde Jesus wat die siekes gesond gemaak het en die blindes se oë laat sien het. Dieselfde Jesus wat so mooi met die vrou wat egbreuk gepleeg het, gepraat het. Dieselfde Jesus wat die treurendes se tranes weggevee het en kinders op Sy skoot verwelkom het. Dieselfde Jesus wat op Golgota se kruis gesterf het, in die graf gerus het en op die derde dag uit die dood opgestaan het.

(3) Sal Jesus kom sodat ons Hom kan sien?

“Kyk, Hy kom met die wolke, en ELKE OOG SAL HOM SIEN.” – Openbaring 1:7 (eerste deel).

Almal wat lewe wanneer Jesus weer kom, die regverdiges sowel as die goddelose, sal getuies wees van Sy wederkoms.

Hoeveel het Jesus self gesê sal Sy wederkoms sien?

“En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en dan SAL AL DIE STAMME VAN DIE AARDE rou bedryf EN DIE SEUN VAN DIE MENS SIEN KOM op die wolke van die hemel met groot krag en heerlijkheid.” – Mattheus 24:30.

Elke persoon op ons planeet wat lewe, sal Jesus sien terugkom.

(4) Wie sal saam met Jesus kom wanneer Hy weer kom?

“Wanneer die Seun van die mens in sy heerlijkheid kom en al die heilige engele saam met Hom, dan sal Hy op sy heerlike troon sit;” – Mattheus 25:31.

Verbeel jou hoe dit sal lyk wanneer Jesus terugkom in al Sy glorie omring deur *al die engele*.

(5) Kan ons die presiese tyd van Jesus se wederkoms voorspel?

“Maar van die dag en die uur weet niemand nie, ook die engele van die hemele nie, maar net my Vader alleen. ... Daarom moet julle ook gereed wees, want die Seun van die mens kom op ‘n uur dat julle dit nie verwag nie.” – Mattheus 24:36, 44.

Elkeen sal Jesus se heerlike aankoms sien, maar baie sal onvoorbereid daarvoor wees. Is jy persoonlik gereed vir Jesus om te kom?

3. WAT SAL JESUS DOEN WANNEER HY WEER KOM?

(1) Jesus sal al die verlostes (die uitverkorenes) bymekaarmaak.

“En Hy sal sy engele uitstuur met harde trompetgeluid, en hulle sal sy uitverkorenes versamel uit die vier windstreke, van die een einde van die hemele af tot die ander einde daarvan.” – Mattheus 24:31.

As jy toegelaat het dat Jesus jou hart en lewe voorberei, sal jy hom met vreugde verwelkom as jou Heiland.

(2) Jesus sal die regverdige dooies opwek.

“Want die Here self sal van die hemel neerdaal met ‘n geroep, met die stem van ‘n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en DIE WAT IN CHRISTUS GESTERF HET, SAL EERSTE OPSTAAN.” – 1 Thessalonicense 4:16.

Jesus sal met ‘n geroep uit die hemel neerdaal. Sy magtige stem word oor die hele wêreld gehoor. Dit breek die grafte in elke begraafplaas oop en wek miljoene mense op wat Jesus deur al die eeue heen aangeneem het. Wat ‘n opwindende/heerlike dag sal dit nie wees nie!

(3) Jesus sal al die regverdiges met Sy wederkoms verander – nie net die regverdige dooies nie, maar ook die regverdige lewendes.

“Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, SAAM MET HULLE IN WOLKE WEGGEVOER word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees.” – 1 Thessalonicense 4: 17.

Om ons vir die ewigheid voor te berei, sal Christus ons sterflike liggame wat aan die dood onderwerp is, verander in lieflike, onsterflike liggame.

“Kyk, ek deel julle ‘n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ONS SAL ALMAL VERANDER WORD, in ‘n oomblik, in ‘n oogwink, BY DIE LAASTE BASUIN; want die basuin sal weerklink en DIE DODE SAL ONVERGANKLIK OPGEWEEK WORD; en ONS SAL VERANDER WORD.

“Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word.” - 1 Korinthiërs 15:51-53.

Wanneer Jesus kom *sal ons verander word*. Dink net daaraan: geen artritis, verlamming of kanker meer nie. Sluit die hospitale en maak die begrafnislokale toe! Christus het gekom!

(4) Jesus sal al die regverdige mense hemel toe neem.

Jesus het self die belofte gemaak: “Ek sal weer kom en julle saam met My neem” na “My Vader se huis” toe (verg. Johannes 14:1-3). Petrus praat van die erfenis van die verlostes “word in die hemel gehou vir jou” (1 Petrus 1:4). Ons kan uitsien daarna om die wonderwerke van God se stad, die Nuwe Jerusalem, te ontdek en om ons hemelse Vader te leer ken.

(5) Jesus sal boosheid uitwis en vir altyd ‘n einde maak aan lyding.

Die goddelose mense – diegene wat aanhoudend al Jesus se offers van genade verwerp het – spreek eintlik ‘n vonnis oor hulleself uit. Wanneer hulle na Jesus se gesig staar wanneer Hy na hulle toe kom uit die wolke, kom daar skielik ‘n besef van hulle sonde wat te pynlik is om te verduur; hulle roep uit tot die berge en rotse: “Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam!” (Openbaring 6:16). Hulle verkies die dood eerder as om voor Jesus se asierende oë te staan.

Hulle weet dat die stem wat nou uit die hemel dreun eenmaal tederlik by hulle gesmeek het om die goddelike genade aan te neem. Diegene wat hulleself verloor het in die malle gejaag na geld en plesier of posisie, besef nou dat hulle die enigste waardevolle dinge in die lewe nagelaat het.

Dit is ‘n verpletterende besef. Nie een van hulle behoort in elk geval verlore te gaan nie. Want God self het geen behae in die dood van die goddelose nie, maar daarin dat die goddelose hom bekeer van sy weg en lewe.” (Esegiël 33:11). Hy “wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom” (2 Petrus 3:9). Jesus smeek ons: “Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is en Ek sal julle rus gee” (Mattheus 11:28). Maar, ongelooflik, daar is party mense wat Sy liefdevolle uitnodiging van die hand wys.

4. IS JY GEREED VIR JESUS OM TE KOM?

Dit het vir Jesus baie gekos om daardie heerlike toekoms saam met Hom “in My Vader se huis” te waarborg. Dit het Hom Sy lewe gekos!

“So sal CHRISTUS OOK, NADAT HY EEN MAAL GEOFFER IS om die sondes van baie weg te neem, vir DIE TWEDE MAAL SONDER SONDE VERSKYN, aan die wat Hom verwag tot saligheid.” - Hebreërs 9:28.

Die Heiland wat op die kruis gesterf het om jou sondes weg te neem sal ‘n tweede maal verskyn en Hy sal saligheid bring *aan die wat Hom verwag*. Christus het Homself geoffer om aan elkeen van ons verlossing te bring. Maar sonder die Wederkoms, sal die kruis ‘n mislukking wees. Christus wil aan ons ‘n tuiste saam met Hom gee wat vir ewig veilig sal wees. Om dit te laat plaasvind, moet ons Hom nou reeds toelaat om in ons harte te heers as Heiland en Heer.

Vroeg die oggend op 16 Augustus, 1945 het 'n klein seuntjie deur die Shantung Kamp in Noord-Sjina gehardloop en geskree dat hy 'n vliegtuig in die lug gesien het. Al die inwoners wat daartoe in staat was, het na buite gehardloop en opgekyk. Hierdie mans en vrouens het deur die jare van afsondering, ontbering en angs gely, omdat hulle gevange geneem is deur die Japannese as burgers van 'n vyandelike nasie. Vir baie was die een ding wat hulle geestelik aan die lewe gehou het die hoop dat die oorlog eendag wel tot 'n einde sal kom.

'n Elektriese skok het deur die skare van 1500 oorlewende geïnterneerdes geskiet toe hulle besef dat hierdie vliegtuig moontlik vir HULLE kom. Namate die gedruis van die vliegtuig luider word, het iemand uitgeroep: "Kyk, daar is die AMERIKAANSE VLAG aan die kant geveerf." En toe, in 'n vlag van ongeloof, het die stemme uitgeroep: "Kyk, hulle WAAI vir ons! Hulle weet wie ons is. Hulle het gekom om ons te kom haal!"

Op hierdie stadium was die opwinding meer as wat hierdie verwaarloosde, moeë, en sieklike oorlewendes kon verduur. Pandemonium het losgebars. Mense het in sirkels gehardloop, terwyl hulle so hard as moontlik skree en hulle arms swaai en huil.

Skielik het die skare ha hul asemes gesnak en in stilte gestaar. Die onderkant van die vliegtuig het skielik oopgegaan en mans het begin neersak in valskerms. Hulle redders sou nie net eendag kom nie; hulle het *vandag* gekom, hulle was NOU hier, in hulle midde!

Die skare het vorentoe gestoot in die rigting van die kamp se hek. Nie een het gedink aan die masjiengewere wat uit die torings op hulle gemik was nie. Na jare van frustrasie en eensaamheid, het hulle deur die hek gebreek en gehardloop na waar die valskerm springers geland het.

Nie lank nie toe stroom hierdie mensevloed weer terug in die kamp in – met die soldate op hulle skouers. Die kampbevelvoerder het sonder weerstand oorgegee. Die oorlog was inderdaad verby. Vrede het gekom. Die wêreld was weer splinternuut.

Binnekort sal ONS God, ONS Heiland, uit die wolke neerdaal om ons te red. Die lang gruverhaal van die mens se wreedheid teenoor sy medemens sal uiteindelik tot 'n einde kom. Op daardie dag sal daar gejubel word, met krete van blydschap wanneer ons verstaan: "Hy kom nader; ek kan sien die engele blaas op hulle trompette." Die geluid word harder, die gloriëwolk word helderder, totdat ons dit skaars kan verduur. Maar ons kan nie ophou kyk nie totdat ons besef: "Hy sien my raak. Hy ken my." Ons sal met onbeskryflike vreugde weet: "Dit is my God. Hy het vir my gekom, nie eendag nie, maar vandag, op hierdie oomblik."

Is jy gereed om die Koning in al Sy heerlikheid te verwelkom? Indien nie, nooi Jesus asseblief sommer nou, persoonlik in jou lewe in. Net soos Jesus se wederkoms na ons wêreld toe die probleme van die wêreld tot 'n einde sal bring, so sal Sy koms in jou hart jou help om jou daaglikse probleme te oorwin. Die groot Probleemoplosser kan jou verlos van die skuld en die las van sonde en aan jou die ewige lewe gee.

Die koms van Jesus in iemand se lewe, kan dit net so dramaties verander as die Wederkoms van Jesus na ons wêreld dit gaan verander. Jy kan op Jesus staatmaak. Hy sal jou vir Sy koms voorberei en aan jou die wonderlike sekerheid van 'n lewe van ewige geluk gee.